# Preek Opsomming: Ag, was almal maar vol van die Gees

**Hoe sou die wêreld gelyk het, as almal vol van die Gees was? Die vrug van die Gees sou in almal se lewe teenwoordig gewees het. Verder sou die praktyke van ons vlees in almal se lewe afwesig gewees het. Dink net hoe dit dan sou gewees het. Dit sou wonderlik gewees het.**

***Die versugting na die Gees***

- **Ongelukkig lyk die wêreld nie so nie. Dit is daarom dat Moses die versugting uitgespreek het: "Ag, was die hele volk van die HERE maar profete, dat die HERE sy Gees oor hulle sou laat kom!" Dit was in 'n tyd toe die volk se gekla vir Moses te veel geword het. Moses se versugting is die versugting van alle eeue, veral as mense (ook kerkmense) baklei en verkeerd en goddeloos optree.**

***Die belofte van die Gees***

- **Hierdie versugting het egter nie net 'n versugting gebly nie. Dit het ook 'n belofte geword. Ons lees daarvan in Joël 2:28-29. In 'n tyd toe dit weens 'n ernstige sprinkaanplaag baie sleg met Israel gegaan het en dit noodsaaklik was dat mense weer na God terugkeer, het die Here aan Israel 'n belofte gegee dat daar 'n tyd sou kom wanneer Hy sy Gees op almal sal laat kom. God gee 'n belofte dat die versugting dat almal deur die Gees van God beheers word, 'n werklikheid sal word.**

***Die vervulling van die belofte van die Gees***

**Pinkster is die vervulling van dié belofte in Joël 2:28-29. Dit wat by Moses nog net 'n versugting was, en in die tyd van Joël nog net 'n belofte was, het met Pinkster 'n werklikheid geword. Die tydperk van oorvloediger genade wat deur God belowe is, die tyd van oorvloediger werking deur die Heilige Gees, het aangebreek. Dit wat die wêreld so nodig het, naamlik mense wie se lewens deur die Gees van God beheers word, is moontlik. Kom ons bid daarvoor.**